| | |
|---|---|
| *VERSLAGWAARDIG* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER REGTERS* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER LANDDROSTE* | *JA/NEE* |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: K/S 38/04***
***DATUM: 17-12-2004***

In die aansoek van:

THEO PETERSEN ***1STE APPLIKANT***

JOHANNES SCHEEPERS ***2DE APPLIKANT***

teen

DIE STAAT ***RESPONDENT***

**CORAM: C. C. WILLIAMS R:**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

Hierdie aansoek om te appelleer is gebring deur beide Applikante teen die skuldigbevindings van die streekhof wat deur hierdie hof bekragtig is in terme van Wet 105 van 1997 (die Wet), sowel as die vonnisse die 1ste Applikant opgelê.

Beide Applikante is elk skuldig bevind op ‘n aanklag van verkragting sowel as ‘n aanklag van poging tot verkragting. Ten opsigte van die verkragting is 1ste Applikante skuldig bevind as dader en 2de Applikant as medepligtige. Met die poging tot verkragting is 2de Applikant skuldig bevind as dader en 1ste Applikant as medepligtige.

Dit is bevind dat die verkragting resorteer onder Deel 1 van Bylae 2 van die Wet deurdat dit ‘n verkragting is wat gepleeg is,

> “(a)(ii) deur meer as een persoon waar sodanige persone in die uitvoering of ter bevordering van ‘n gemeenskaplike doel of sameswering gehandel het.”

2de Applikant wat nie fisies deelgeneem het aan die verkragting nie is as medepligtige skuldig bevind op grond daarvan dat hy die pleging van die misdryf bevorder het deur onder andere sy huis beskikbaar te stel en ook die deur te sluit om sodoende die klaagster te verhoed om weg te kom.

**Ad die skuldigbevinding aan verkragting.**

Een van die gronde van appél waarop beide Applikante steun is dat daar nie sprake van medepligtigheid kan wees met die misdryf van verkragting nie, aangesien verkragting slegs gepleeg kan word deur ‘n persoon wat self met ‘n vrou sonder haar toestemming geslagsgemeenskap het. Vir hierdie argument steun Mnr. Van Heerden wat namens 1ste Applikant optree op die uitspraak van Nepgen R in *S v Saffier* 2003(2) SASV 141 SOKPA.

Ek verstaan nie die uitspraak in die Saffier saak om as gesag te dien daarvoor dat medepligtigheid nooit bevind kan word in verkragtingsake nie. So 'n siening sou onder andere indruis teen 'n reeks Appélhofbeslissings. Sien onder andere *S v Kock* 1988(1) SA 37A en *S v Jonathan* 1987(1) SA 633A te 643 H-I.

In die Saffier saak kon die beskuldigde nie as dader aan verkragting skuldig bevind word nie, aangesien hy nie self die daad gepleeg het nie. Hy kon ook nie as medepligtige skuldig bevind word nie aangesien die persoon wat wel geslagsgemeenskap met die klaagster gehad het, onder dwang van die beskuldigde opgetree het en hom dus nie aan verkragting skuldig gemaak het nie. Medepligtigheid is aksessories van aard en niemand kan as medepligtige aanspreeklik wees as iemand anders nie as dader aanspreeklik is nie. Sien *Snyman, Strafreg* 4de uitgawe te 271 en 272.

Dit is om hierdie rede dat daar nie sprake van medepligtigheid kon wees ten opsigte van die beskuldigde in die Saffier saak nie.

Daar is dus na my mening geen meriete in hierdie grond van appél nie.

'n Verdere grond van appél aangevoer deur die Applikante is dat die Hof fouteer het deur die Applikante skuldig te bevind op die basis van gemeenskaplike oogmerk terwyl die klaagster slegs een keer verkrag is. Hierdie kwessie is reeds behandel in die gewysdes. In *S v Meisner en 'n Ander* 'n ongerapporteerde saak van die KPA, saaknommer SS 155/2001,

gedateer 30 Oktober 2001 sê Knoll R die volgende hieromtrent.

> "Na my mening het die Wetgewer bedoel om persone te straf met lewenslange gevangenisstraf waar meer as een persoon saamwerk of saamsweer om 'n persoon te verkrag. Dat net een verkragting geskied het en dat die een beskuldigde as medepligtige daartoe skuldig bevind was, neem die misdryf, na my mening, nie buite die werking van (a)(ii) nie. Die woorde "ter bevordering van" sluit na my mening 'n medepligtige by hierdie artikel in. Dus na my mening, is artikel 51(1) van toepassing op die eerste klagte ten opsigte van beide beskuldigdes."

Hierdie benadering vind weerklank in die uitspraak van Erasmus R in *S v Kimberley* 2004(2) SACR 38 ECD 44d - 45c.

Daar steek dus na my mening geen meriete ook in hierdie grond van appél nie.

Wat die ander gronde van appél ten opsigte van die verkragtingsaanklag betref, vind ek dit nie nodig om elk afsonderlik te behandel nie, behalwe om te meld dat ek nie van oordeel is dat 'n ander hof, op die getuienis, tot 'n ander bevinding sal kan kom nie.

**Ad die skuldigbevinding aan poging tot verkragting**

Hier voer die Applikante aan dat die hof fouteer het deur te bevind dat daar enigsins 'n poging tot verkragting was, deurdat op die feite bevind, die 2de Applikant se handelinge slegs voorbereidingshandeling daarstel. In omstandighede waar die 1ste Applikant die 2de Applikant roep, vir geen ander verklaarbare rede behalwe dat hy ook sy beurt kan kry om die klaagster te verkrag, en daarna, terwyl haar onderlyf nog nakend is, gooi die 2de Applikant haar op die bed, hy volg haar sitkamer toe, toe sy uit sy greep loskom, daar gryp hy haar vas en stoot haar op 'n sofa en hy gaan lê

op haar voordat sy hom van haar kon wegskop, kan daar na my mening geen twyfel bestaan dat hier wel uitvoeringshandelinge was wat wel ‘n strafbare poging daarstel. Sien *R v B* 1958(1) SA 199 (A) 204 A-D.

Die verdere grond dat die hof fouteer het deur nie te bevind dat die 1ste Applikant hom gedistansieer het van die 2de Applikant se optrede nie gaan na my mening ook nie op nie. Benewens die 2de Applikant te roep om sy beurt te neem om die klaagster te verkrag, het die 1ste Applikant selfs verder gegaan deur die klaagster te klap toe sy hom om hulp vra. Hierdie is nie die optrede van ‘n persoon wat homself distansieer van die ander se optrede nie. Hy het die aanval op die klaagster inisieer en ook gehelp om haar tot onderwerping te dwing.

Ek is nie tevrede, ook wat hierdie aanklag betref, dat ‘n ander hof redelikerwys tot ‘n ander bevinding kan kom nie.

**Ad Vonnis**

Die 1ste Applikant doen ook aansoek om te appelleer teen die opgelegde vonnis. Die 1ste Applikant is gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf ten opsigte van die verkragtingsaanklag en 18 maande gevangenisstraf ten opsigte van die poging tot verkragting. Dit was gelas dat die vonnisse samelopend uitgedien word.

Al die tersaaklike omstandighede is in aggeneem met die oplegging van vonnis. Daar is na mening ook geen mistasting begaan deur die

Applikant in die Hooggeregshof te vonnis nie, en is die vonnis opgelê in die omstandighede glad nie skokkend en onvanpas nie. Ek is nie oortuig dat 'n Hof van Appél op die riglyne soos neergelê is S *v Pieters* 1987(3) 717A sal inmeng met die vonnis nie.

**In die omstandighede word die volgende bevel gemaak.**

**1.) 1ste Applikant se aanoek om te appelleer teen die skuldigbevindings en die vonnisse hom opgelê word geweier.**

**2.) 2de Applikant se aansoek om verlof om te appelleer teen sy skuldigbevindings word geweier.**

**C.C. WILLIAMS**
**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| Namens 1ste Applikant | : | Adv F van Heerden |
| Namens 2de Applikant | : | Adv J Cloete |
| Namens Respondent | : | Adv T. Barnard |

| | | |
|---|---|---|
| Datum van verhoor | : | 24 November 2004 |
| Datum van uitspraak | : | 17/12/2004 |